# 2013-07-21_am2_stephan-joubert_wintervakansie-by-die-flieks_amen

**Sprekersleutel**

SJ Stephan Joubert

SJ Dis altyd lekker as iemand sê, kom ons gaan fliek. Dan is daar so ‘n stukkie wat die lewe anderster gebeur en jou so bietjie uit die werklikheid van jou daaglikse swaarkry en swoeg uithaal. Party flieke doen dit egter nie. ‘n Paar jaar gelede was ek in Europa, en toe sê iemand vir my, soos wat dit maar gaan met flieke, jy moet die fliek Amen kyk. En ons het ons popcorn reg gehad en gaan sit, maar dis een van daardie flieke wat bietjie my kop geroer het. En toe ek nou hoor dat ons een van die flieke kies wat ons kan aanspreek was dit tussen Leon Schuster en dit. Nee, en toe was dit op die radarskerm van die begin af.

Amen vertel die storie van ‘n wetenskaplike, of ‘n navorser, wat in die Tweede Wêreldoorlog ‘n offisier word in die Duitse Weermag, Kurt Gerstein. En hy het ietsie ontwikkel, ‘n gifstof ontwikkel om insekte te dood, en toe beland hierdie stof wat hy ontwikkel het binne in die stof wat die ouens gebruik het in die gaskamers om die Jode dood te maak in die verskillende strafkampe, en met name in Auswitch. En hy was nie bewus daarvan nie. En op ‘n dag is hy genooi, ondat die ouens so beïndruk was met sy vermoëns, om te kom kyk wat is die vrug van sy wetenskaplike navorsing en patente. En toe hy deur so ‘n klein loergaatjie loer daar in een van die doodskampe toe sien hy wat is die effek van dit wat hy ontwikkel het.

En hy was ‘n Christen, en dit het sy lewe verander. En hy het onmidellik begin protesteer. Onder die radarskerms het hy begin om kerkleiers te gaan besoek en vir hulle vertel wat gebeur. Maar niemand wou na hom luister nie. Sy ouers en kerkleiers was eintlik ontsteld dat hy besig is om nou in die oorlogstyd eintlik die hele proses te ondermyn. Hy het een vriend gemaak. Dit was ‘n Rooms Katolieke priester, Ricardo Fontana. En Ricardo se pa was ‘n baie invloedryke sakeman wat die Pous direk geken het. En uiteindelik kon Ricardo by die Pous uitkom en het hy vir die Pous vertel, tot groot ontsteltenis van al die ander hooggeplaasdes, van wat aangaan.

En die Pous het so ‘n halwe onderneming gegee dat hy iets sou doen. En op ‘n aand, terwyl almal feesgevier het in Kurt se huis, het hy en sy Katolieke vriend gesit en luister na die radiouitsending van die Pous se preek. En die Pous het niks gesê nie en stilgebly. En dit het die jong Ricardo rasend gemaak. En op ‘n dag toe sy pa weer met die Pous praat het hy saamgegaan. En toe hy agterkom daar gaan niks gebeur, die kerk gaan maar net nog ‘n keer met skok kennis neem sonder om iets te doen, het hy die ondenkbare gedoen deur ‘n geel ster uit te haal en op sy bors te sit, en ter wille van die geloof en die Here in wie hy glo die keuse gemaak om ‘n Jood te word.

Die uiteinde was tragies. Hy is Auswitch toe en daar het hy gesterf. Kurt Gerstein was ook die slagoffer van allerlei intriges, en uiteindelik het niemand sy storie gehoor nie en is hy na die oorlog uitgewys as een van die persone wat hierdie gifgas ontwikkel het, en het hy ‘n tragiese dood gesterwe. Terwyl hierdie fliek ontvou het het die popcorn in my mond al hoe minder geword, maar kom ons kyk net eers vir ‘n rukkie. Kom ons gaan net eers vir ‘n oomblik fliek toe dan kyk ons ‘n stukkie.

[Speel film]

SJ Partykeer is die prys van die Evangelie so hoog dat selfs flieke nie anders kan as om daaroor te praat nie. Ek onthou dat ons uit hierdie fliek gestap het, en ek het dit later vir my aangeskaf, en keer op keer as ek daarna gekyk het het dit nuwe tekste by my oopgemaak, het ek begin dink aan ander helde uit die Tweede Wêreldoorlog soos Dietrich Bonhoeffer, die bekende leeraar teoloog wat nie kon stilbly nie en geskryf het, en uiteindelik ook doodgemaak is, wat ook vir die kerk ‘n boek nagelaat het wat tot vandag toe ‘n klassieke boek is, The Cost of Discipleship, oor wat dit kos om te sê jy volg die Man van Nasaret as die prys hoog raak.

En ek kan onthou van ‘n ander Katolieke priester wat inderdaad in Auswitch dood is, Maximillian Kolbe, wat op 14 Augustus 1941 doodgemaak is. Nee, hy het nie sy geloof verloën nie. Hy het as ‘n Christen in Auswitch beland, as ‘n priester, omdat hulle skuiling gegee het in Tsjeggië of Pole, ek kan nie onthou nou waar nie, skuiling gegee het vir sowat 3,000 Jode, en toe hy gevang is Auswitch toe geneem is en ‘n geweldige swaar tyd daar deurgegaan het. Ek onthou in die verhale wat ek oor hom gelees het hoe hy keer op keer mishandel is, een keer oor 50 houe geslaan is, hoe hy egter met die liefde van die Here daar opgetree het, sy brood gedeel het, nagmaal gehou het, mense aan Jesus bekendgestel het.

En toe gebeur dit dat die kamp verwag het... gemeen het iemand het ontsnap uit Auswitch. En almal het geweet wat is die reël. As jy uit Auswitch ontsnap kan jy maar gaan as jy gelukkig is, maar tien mense word in jou plek doodgemaak in die kamp. Dit het almal geweet. En toe het hulle tien mense gekies, en een van die manne het... toe hy uitgekies is het hy hardop gehuil en geskree hy het ‘n vrou en kinders, en onmidellik het Maximillian Kolbe vorentoe gestaan en gesê hy sal die man se plek neem. Die kampkommandant het ingestem. Maximillian Kolbe en nege ander is gelos om uitgehonger te word en ‘n hongerdood te sterf. Hy het alleen oorgebly.

Uiteindelik op 14 Augustus het hulle vir hom ‘n dodelike inspuiting van suur in sy arms ingedruk en het hy gesterwe, stil en vergete. Maar die getuienis oor sy lewe was te groot. Mense het vertel hoe hy nog daar in die doodskamer van die wagte oorreed het om vir hom nagmaalsbrood te bring, en hoe hy nagmaal gehou het saam met sy sterwende broers wat nou by die Here gekom het. En selfs die man wie se plek hy ingeneem het het daarna mooi getuienisse afgelê oor hierdie man van die Here.

Miskien het hierdie tekste by die regisseur en die skrywer van Amen posgevat. Miskien was dit selfs Moses in die Ou Testament, toe dit regtig sleg gegaan het met sy volk, dat hy vir die Here gesê het op ‘n dag, Here, as U die volk spaar kan U my doodmaak. Of Paulus in Romeine nege, wat dieselfde soort gebed bid as Moses, wat vir die Here sê, Here, haal my naam uit uit die boek van die lewe, as U net Israel kan

red, die groot helde van die Here wat êrens as hulle in die Here vasloop die veiligheid en die gerief net oorboord gooi.

Of miskien was dit die groot teks van die Christendom, een van die klassieke tekste van die Meester Storieverteller met sy meester narratief, Jesus, in Lukas tien. Die storie van alle stories wat wie weet hoeveel heldedade deur die eeue, hoeveel nuwe roetes oopgemaak het, wat net die ewigheid vir ons sal wys, die bekende storie op daardie dag terwyl Jesus op pad is Jerusalem toe om self Sy doodsbeker te gaan drink, en langs die pad gekonfronteer word met die vraag, wat is die... wie is my naaste, en Jesus dan hierdie storie vertel. Kom ons luister, in Lukas tien.

Wie is my naaste? Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê toe ‘n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy half dood bly lê, en toe padgegee. Dit het gebeur dat ‘n priester met daardie pad langs kom. En toe hy hom sien gaan hy ook vêrlangs verby. Net so het daar ook ‘n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien het hy ook vêrlangs verbygestap. Maar ‘n Samaritaan wat op reis wat het op hom afgekom. En toe hy hom sien het hy hom innig jammer gekry.

Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na ‘n herberg geneem, en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê, sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het sal ek jou betaal as ek hierlangs terugkom. Nou vra Jesus, wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het. Die wetgeleerde antwoord, die man wat aan hom medelye bewys het. Toe sê Jesus vir hom, gaan maak jy ook so.

Amen vertel die storie van twee manne wie se harte geraak is, wat nie meer bekommerd was nadat hulle harte so diep geraak is oor die nood van ‘n ander oor hulle eie voorspoed en welstand en veiligheid nie. Êrens gebeur iets soms so diep in jou lewe met jou dat jy nie anders kan nie, en miskien is die groot, die klassieke teks wat films, wat kerke, wat lewens getransformeer, het die eenvoudige storie van Jesus oor die Samaritaan. Aan die een kant van die pad wat Jerigo toe loop is die veilige kant. Die priester en die Leviet, die godsdienstiges, loop graag daar, die veilige kant.

En op ‘n stadium toe die Leviet en die priester oor die pad kyk toe sien hulle die jongste slagoffer van misdaad daar lê. En nodeloos om te sê was hulle, soos wat dit gaan wanneer mens die brutaliteit en die wreedheid van die lewe in jou eie gesig by geleentheid beleef, dat jy net jou kop skud, en miskien het die godsdienstiges by hulleself gedink, waar gaan dit alles heen. So kan dit net nie voortgaan nie, maar dit is al, en rustig aan die veiliger kant van die pad Jerigo bly stap.

Soos die kerk in die storie van Amen diep besorg was, gesê het ons harte gaan uit na die broers, en aangegaan het met kerklike diplomasie, sodat uiteindelik êrens in die film Amen die jong Ricardo dit uitskree: kan Christendom en diplomasie hand aan hand gaan? Is dit die kerk se beste antwoord op die wêreld, diplomasie? Die priester en die Leviet was meesters daarin, aan die oorkant, aan die veilige kant van die pad waar hulle geloop het. Waar hulle anderkant verbygegaan het was hulle darem minstens diep bekommerd.

Wie weet, dalk het die priester daarna een of ander byeenkoms gehou saam met ander priesters, en het die priesters besluit ons neem met skok kennis oor al die misdaad in die samelewing, en vir almal gevra het om iets daaraan te doen, terwyl hulle tee drink. Miskien het die Leviet sy reisagent gaan sien en oorweeg om te immigreer na 'n veiliger plek toe in die Romeinse Ryk, want daar is nie vir hulle kinders 'n toekoms op die ander kant van die pad nie.

En toe stap 'n derde persoon padlangs Jerigo toe. Ook aan die veilige kant waar die meeste mense stap, waar die meeste verkeer is, en toe hy oor die pad kyk toe sien hy die jongste misdaad slagoffer. En toe kry hy hom innig jammer. Toe roer iets in hom. Soos die Griekse woord sê, toe roer dit so diep in hom dat hy die pad oorsteek, soos wat dit gebeur het met Kurt Gerstein in die film, soos dit gebeur het met die jong Ricardo Fontana in die flim. Toe steek hulle die pad oor, en dit is 'n groot risiko om die straat oor te steek. Mens doen nie sulke dinge nie.

Dit vra ten minste vier dinge van jou as jy die straat oorsteek na die ander kant van die pad onderweg Jerigo toe. Dit vra van jou dat jy jou dagboek sal moet onderbreek. Verseker is 'n reisiger iemand onderweg na 'n bestemming. Die Samaritaan het sy roete geken. Hy was volspoed op pad. Ons almal is mense met vol dagboeke. Ek praat nou die dag met 'n ou en ek vra of ons êrens iets kan doen. Hy sê vir my sy dagboek is vol tot 2015. 2015, bid jou dit aan. Ek is in die teenwoordigheid van reuse en besige mense.

En dis nie maklik om 'n dagboek so te kry nie. Jy moet ure seker sit op jou dagboekbeplanner om daardie dagboek vol te maak. Dit vat seker net 'n jaar om hom te skryf ook, dat jy mense kan beïndruk dat hy die jaar daarna vol is nadat jy 'n jaar gevat het om hom te opdateer. Maar hoe dit ookal sy, die oomblik as jy kies om van die veilige kant van die straat na die oorkant van die straat Jerigo toe te stap onderbreek dit jou dagboek. Dit gaan jou sekretaresse en jou program en alles onderbreek.

Gewoonlik sal besige mense vir jou sê ek sal kyk of ek 'n gaatjie in my dagboek het. Besige mense moet selfs as hulle gaan fliek tyd maak, maar die tyd is klaar weg. Jy het dit nog nie geleef nie maar jy sal moet tyd maak, en spasie. Jy het dit nog nie opgebruik nie maar dit is klaar weg, in besige mense se lewe. En dis wat dit die Samaritaan kos. Hy moes sy reisprogram onderbreek vir die risiko om alles te moet oordoen.

Daar is 'n tweede ding wat met hom gebeur. Oorkant die pad maak jy dalk jou hande vuil. Oorkant die pad moet jy dalk raak aan die bloed en aan die wonde van iemand wat jy nie eers ken nie. En in Joodse tradisie, en dis miskien hoekom priester en Leviet anderkant verby is, aan die veilige kant, hulle het geweet dit maak jou onrein. Volgens kultiese wette van die Jode was jy ten minste tot sonsaktyd onrein. So daarom het hulle gesê ons stap maar liewers oorkant en bly rein.

Maar dis wat dit kos, dat jy dalk jou hande van nou af gaan vuil maak. En moderne mense, mense soos ek wat hou van compassion from a distance, ons wil dit nie graag doen nie. Ek bedoel, dit is darem net duur om jou klere droogskoonmakers toe te vat,

veral as jy nou nuwe klere het. En hierdie designer klere kan mos nou nie net met vuil mense se bloed bemors word nie.

En daar is nog ‘n ding wat gebeur. Behalwe jou dagboek en jou hande loop jy die risiko om nuwe verhoudings te groei, want die oomblik as jy langs daardie persoon hurk en daardie persoon se naaste word kom daar ‘n nuwe verhouding tot stand, kyk jy iemand in die oë, praat jy met hulle, neem jy hulle laste en pak dit op joune, haal jy ‘n ster uit en plak hom op jou bors. En dit is ‘n risiko, want ons het al soveel mense in ons lewe. Ons kom nie eers by ons familie en ons vriende uit nie. Soos wat iemand dit nou die dag vir my vir die waarheid vertel het, ‘n vrou het vir haar gesê, ongelukkig kan ek nie nou met jou ‘n vriend wees nie want my vriendeboekie is nou vol. Praat met my oor twee jaar. Dis die risiko van oor die straat stap.

Maar miskien is die grootste risiko dit gaan jou lewe vir altyd verander. Ricardo in Amen kon nie stilbly nie. Hy het die dapperste ding ooit gedoen. Ter wille van die geloof en die Here wie hy dien was hy bereid om sy geloof, in aanhalingstekens, af te sweer, was hy bereid om ‘n Jood te word ter wille van Jesus. Paulus was bereid om sy plek in die ewigheid op te offer ter wille van Jesus vir ‘n volk. Moses ook. En Ricardo was bereid om die magtigste, invloedrykste posisie, om by die Pous te wees, prys te gee, sy Christendom prys te gee. En die Samaritaan was bereid om sy dagboek, sy hande, sy geld, sy klere, op die spel te sit.

Goddank, nie almal het so ‘n roete soos Bonhoeffer of Maximillian Kolbe of die karakterfigure in Amen nie, maar êrens is dit ‘n risiko om die straat oor te steek. Dis baie beter aan die ander kant van die pad, daar waar godsdienstiges is, en besorgdes en bekommerdes, terwyl hulle tee drink. Dis baie makliker om net in die fliek in te stap en die fliek te kyk en sê, dit was ‘n mooi fliek. Waar gaan eet ons vanaand na die tyd?

En daarom wil ek vir jou se, moet jy nie steur aan wat jy gehoor het nou nie. Moenie oor die pad stap nie. Dit gaan net jou dagboek deurmekaar maak. Gaan aan met jou goed beplande lewe. Moet asseblief nie jou klere vuilmaak nie. Dis geld waarvoor jy nie begroot het nie as jy dit nou weer moet skoonkry. Moet dit nie doen nie. Moenie hurk langs iemand wat jy nie ken nie. Nou-nou, nou-nou is dit nog ‘n professsionele bedrieër ook, en jy weet mos nou nie in Suid-Afrika wie kan jy vertrou nie. Moet dit nie doen nie. En moet asseblief nie jou lewe verander nie. Jy het lank gewerk en gestudeer en gewerk vir hierdie begrotings en hierdie bevorderings. Gaan vir die leer en klim verder.

Moet jou tog nie steur nie, want niemand vat flieks ernstig nie. Dis net ‘n stukkie tydverdryf om die harde lewe makliker te maak, en dan gaan jy weer aan. So moet nie Lukas tien of Amen ernstig vat nie, tensy jy sê Jesus is wie Hy is, die Here, tensy jy vandag sê, ware lewe gebeur daar aan die oorkant, aan die onveilige kant. Daar is Jesus meer as hier aan hierdie kant, tensy Jesus jou Here is. Dan wil ek vir jou vra, wil jy dit nie waag om net een keer in jou lewe oorkant die pad te gaan loop op die pad Jerigo toe nie? Dit gaan jou lewe verander, maar dit gaan jou naam in ewige rekords herskryf, daar by die Here van die hemel en die aarde. Neem jou popcorn, neem jou lewe, en maak daardie keuse. Amen.

Here, dis hier aan my kant van die pad beter as aan die oorkant. Hier kan ek kla en murmureer oor hoe dit sleg gaan daar aan die ander kant. Maar U het die pad oorgesteek. U loop saam met die Samaritaan en die misdaadslagoffer en hulle wat stukkend is en hulle wat huil. Leer my om saam met U te loop. Maar, Here, dan moet U asseblief saamloop, want ek kan nie alleen nie. Daarom sit ek my hande vanoggend opnuut in U groot hande. Leer my om, wanneer ek fliek en U woord lees en die lewe doen, dit saam met U te doen. In Jesus se naam, amen.

Ontvang die Here se vrede en Sy seën, en gaan in vrede huis toe. Jy is welkom as jy ‘n behoefte het aan gebed om in die Klipkerk bymekaar te kom of om op die Piazza te kuier. Vrede.